LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

15 Oktober 2020

OUERBRIEF 4 VAN KWARTAAL 3

Geagte Ouers

Met slegs ‘n week oor voor die skool sluit vir ‘n welverdiende ruskans gee ons graag inligting rakende kwartaal 4 se Dagroosterprogram en finale toetsreeks aan u deur. Neem ook asb kennis van belangrike inligting t.o.v. skoolbywoning en aflegging van toetse.

INLIGTING VIR GRONDSLAGFASE LEERDERS

Alle Grondslagfase leerders ontvang ‘n rapport onderskeidelik op Donderdag, 22 en Vrydag, 23 Oktober. Neem asb kennis dat die klasonderwyseres ouers sal kontak indien daar ‘n oueronderhoud moet plaasvind i.v.m. akademiese vordering. Ouers is egter ook welkom om die klasonderwyseres te kontak indien daar vrae of bekommernisse is. Met die aanvang van die vierde kwartaal op Maandag, 2 November, gaan ons steeds voort met alternatiewe dae t.o.v. skoolbywoning en begin ons met **Groep 1.** Die onderskeie grade in die Grondslagfase verdaag steeds soos huidiglik in hul tydsgleuwe. Sien asb die inligting t.o.v. die fotodag vir sekere sportsoorte soos uiteengesit in die brief onderaan.

INLIGTING VIR GR 4 - 7 LEERDERS

TERUGKEER VAN GOOGLE CLASSROOM LEERDERS

Ons versoek vriendelik dat alle Gr. 4 tot 7 leerders wat nie komorbiditeite het nie met die aanvang van kwartaal 4 d.w.s. 2 November 2020 sal terugkeer skool toe. Skoolbywoning geskied nog steeds op alternatiewe dae en voorsorg is alreeds in plek om die sosiale afstand van 1.5 meter in lokale te handhaaf. Indien u nie veilig voel om u kind terug te stuur vanaf 2 November nie versoek ons dat u asb ‘n epos sal stuur aan die registeronderwyser vir kennisname. Deeglike hersiening en voorbereiding vir kwartaal 4 toetsreeks vind plaas vanaf 2 tot 13 November.

KWARTAAL 4 TOETSREEKS

Let asb daarop dat alle leerders die toetse vir kwartaal 4 by die skool aflê in die onderskeie sessies en dat daar geen toetse in die middag geskryf word nie. Indien daar Google Classroom leerders is wat nie terugkom skool toe nie sal hulle ook in die toetssessies hulle vraestelle skryf in aparte lokale. Daar sal ‘n reëling met die leerders wat komorbiditeite het getref word.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

ISOLASIE VRAESTELLE

Slegs leerders met mediese komorbiditeite of Covid-19 redes sal die vergunning gegee word om isolasie vraestelle te skryf. Indien 'n leerder afwesig is a.g.v. Covid-19 redes moet die ouers 'n epos rig aan Me H Barkhuizen (hbarkhuizen@lardies.co.za) met die nodige mediese sertifikate sodat toestemming verleen kan word dat die leerder 'n isolasie vraestel kan skryf vir die spesifieke tydperk.

Leerders met komorbiditeite moet ook asb 'n epos stuur aan die betrokke graadhoof sodat die nodige reëlings getref kan word.

Leerders wat afwesig is a.g.v. siekte moet die registeronderwyser voor die aanvang van die toets in kennis stel sodat die nodige reëlings t.o.v. die hertoets met u gereël kan word.

Die Departement van Onderwys het die promosievereistes vir 2020 aangepas. Die jaarpunt (SBA) vir die graad 4 tot 7 leerders is nou 80% en die finale toets wat geskryf word in kwartaal 4 tel slegs 20%.

SKOOLURE VIR 16 NOVEMBER TOT 11 DESEMBER

Kwartaal 4 se toetsreeks begin op 16 November.

Gr. 4 tot 6 leerders skryf hulle toetse op die alternatiewe dae soos uiteengesit in die toetsrooster.

NB. GRAAD 7 LEERDERS SKRYF ELKE DAG TOETS en woon skool op 'n daaglikse basis by vanaf 16 November tot 7 Desember.

Skoolure vir graad 4 tot 7 leerders word vanaf 16 November tot 11 Desember aangepas.

Skool begin soggens om **07:30 tot 13:10**. Daar sal toesig wees vir leerders wat nie om 13:10 afgehaal kan word nie. Toesig is tot 13:45 vir Maandae tot Donderdae. Voltooi asb die Google vorm wat elektronies uitgestuur sal word t.o.v. skoolverlating van leerders gedurende die toetsreeks. Leerders wat nie afgehaal is om 13:10 nie moet in die wagklasse bly tot die skool uitkom.

TOETSSESSIES 16 NOVEMBER TOT 11 DESEMBER

Sessie	**Begin**	**Eindig**	**Lengte**
Register	07:30	08:00	00:30
1	08:00	09:30	00:90
POUSE	**09:30**	**09:55**	**00:25**
2	10:00	11:30	00:90
POUSE	**11:30**	**11:55**	**00:25**
3	12:00	13:00	00:60

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Gedurende sessie 3 sal die vraestelle wat alreeds geskryf is uitgedeel en bespreek word en handboeke sal ingeneem word. Indien 'n leerder se handboek weg of verniel is moet hy/sy R170 betaal.

RAPPORTE EN LAASTE SKOOLDAG

Gr 4 - 7 leerders ontvang hulle kwartaal 3 rapporte in die week van 9 November en kwartaal 4 rapporte op Vrydag, 11 Desember 2020.

DAGROOSTERPROGRAM VIR GRAAD 4 - 7 LEERDERS VIR 2 - 13 NOVEMBER

DATUM	Ma, 2 Nov		Di, 3 Nov		Wo, 4 Nov		Do, 5 Nov		Vr, 6 Nov	
GRAAD	4	6	5	7	4	6	5	7	4	6
DAGROOSTER	Dag 1	Dag 1	Dag	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 2	Dag 2	Dag 3	Dag 3
DATUM	Ma, 9 Nov		Di, 10 Nov		Wo, 11 Nov		Do, 12 Nov		Vr, 13 Nov	
GRAAD	5	7	4	6	5	7	4	6	5	7
DAGROOSTER	Dag 3	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5	Dag 5	Dag 5

KWARTAAL 4 TOETSREEKS

DAG	SESSIE	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7
Ma, 16 Nov	1	Eng Comp		Eng Comp	Eng C/Writing
	2	Afr K/Skryf		Afr Taal	Tegnologie
Di, 17 Nov	1		Geografie		Afr Begrip
	2		SK		Afr Taal
Wo, 18 Nov	1	Geografie		Wiskunde	
	2	Afr K/Skryf		Afr Begrip	NW
Do, 19 Nov	1		Gesk		SK
	2		Eng Comp		SK Prakties
Vry, 20 Nov	1	Wiskunde		Geografie	
	2			Afr K/Skryf	EBW
NAWEEK					
Ma, 23 Nov	1		Wiskunde		Wiskunde

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

	2		Afr Begrip		
Di, 24 Nov	**1**	NW & Teg		NW & Teg	Eng Language
	2	Afr Begrip			Afr K/Skryf
Wo, 25 Nov	**1**		Eng Language		Geskiedenis
	2		Afr K/Skryf		
Do, 26 Nov	**1**	Eng Language		Eng Language	LO
	2				
Vry, 27 Nov	**1**		Afr Taal		Eng Comp
	2		PSW		Johan Smit praatjie
NAWEEK					
Ma, 30 Nov	**1**	Geskiedenis		Geskiedenis	Geografie
	2	PSW		SK	
Di, 1 Des	**1**		NW & Teg		Vraestel
	2				Bespreking
Wo, 2 Des	**1**	SK		PSW	Vraestel
	2				Bespreking
Do, 3 Des	**1**		Vraestel		Vraestel
	2		Bespreking		Bespreking
Vry, 4 Des	**1**	Vraestel		Vraestel	Vraestel
	2	Bespreking		Bespreking	Bespreking
Ma, 7 Des	**1**		Vraestel		Vraestel
	2		Bespreking		Bespreking
Di, 8 Des	**1**	Vraestel		Vraestel	
	2	Bespreking		Bespreking	

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

FOTODAG

Na verskeie versoeke is daar besluit om wel ‘n fotodag te reël vir die sport aktiwiteite wat gedurende die eerste kwartaal in spanverband afgehandel is. Op Woensdag, 21 en Donderdag, 22 Oktober word die volgende sport aktiwiteite se foto’s geneem.

- Rugby (0/9 - 0/13)
- Netbal (0/9 - 0/13)
- Atletiek
- Tennis

Die prosedure is as volg:

Leerders kom met skoolsweetpakke en spandrag skool toe. Indien ‘n leerder aan meer as een sportsoort deelgeneem het, moet die betrokke spandrag saamgebring word. Klere wat tuis vergeet is sal nie by die kantoor of admin hek afgehaal mag word nie. Foto’s word geneem in die volgorde van aktiwiteite soos hierbo uiteengesit. Leerders sal gekontroleerd die geleentheid kry om te gaan verklee vir die volgende foto indien nodig.

Alle protokol is alreeds in plek vir die neem van die foto’s. Leerders sal nie soos oudergewoonte saam op die groepfoto afgeneem word nie maar daar sal wel ‘n individuele foto van die leerders in die spesifieke sportdrag geneem word en dan m.b.v. tegnologie in ‘n saamgestelde foto opgestel word.

Die foto’s word oor 2 dae geneem nl. Woensdag, 21 Oktober (Graad 3, 4 en 6) en Donderdag, 22 Oktober (Gr 3, 5 en 7).

Betaling: **Slegs Elektroniese betaling (EFT) is aanvaarbaar**
Rekening: **LAERSKOOL ELARDUSPARK**
Bank: **FNB TJEKREKENING**
Rek. nr: **62575314366**
Takkode: **252645**

Verwysingsnommer: Foto Voorletters en Van van leerders (bv. Foto C+L Botha)

Kostes: R40 per foto. Bestellings kan geplaas word tot op Vrydag, 6 November. Die bestelvorm is aanlyn beskikbaar om gedruk te word deur ouers.

Kies een van die onderstaande opsies om die bestelvorm te druk en te voltooi

- Skool webtuiste: Aflaaibare dokumente of
- Skool Kommunikeerder: Bronne

Die voltooide vorm moet vergesel word saam met die bewys van betaling en na die registeronderwyser gestuur word, sodat die afrigters rekord kan hou van die bestellings.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

HANDBOEKKONTROLE

In die week van 19 tot 22 Oktober sal daar handboekkontrole gedoen word vir alle Gr 4-7 leerders. Maak asb seker dat die handboeke by die skool is.

Baie sterkte vir die res van die kwartaal en dankie aan elkeen se bydrae en opoffering om van die jaar ‘n sukses te maak.

Vriendelike groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF